BLACK FOX DRAKENSBERGERS
KLERKSDORP / TOSCA
JOHANN FOURIE 082 772 7716

LENTE NUUSBRIEF 2012

Dit is die begin van ’n nuwe teelseisoen met die moontlikheid om HIERDIE JAAR groot spronge vorentoe te gee met die beeskudde . Die kombinasie van bul en koei lewer tog die kalf, wat OF gehou word indien dit die vers is wat ouer wordende koeie, of NIE DRAGTIGE koeie, of die swak produserende koei moet vervang. Indien die kalwers as terminale kruisings (dit klink so finaal) beplan is, is dit tog nodig dat die koper beïndruk moet wees met sy aankoop .

Om dit te vermag, is dit nodig dat die beplanning rondom bulkoop korrek en betyds moet wees. Dit kan gebeur dat daar bulle deur die winter siek geword het, beseer is of onvrugbaar geraak het,dit is dus essensiëel dat die vrugbaarheid en die geslagsiekte negatiwiteit van die bulle betyds en deur ‘n betroubare persoon gedoen word, hierdie is van kardinale belang .

Sou dit so wees dat daar behoefte aan ’n **BUL OF BULLE BESTAAN**, moet ‘n besluit **GENEEM WORD OM TE BEPAAL WAARHEEN U MOET REIS IN DIE SOEKE NA DIE GESKIKTE BUL. SEKERLIK MOET DAAR VERKIESLIK BULLE EIE AAN DIE OMGEWING BEOOG** word ,dit maak die aanpassing makliker en dit bespaar koste vir **u**, **DIE MOONTLIKE KOPER**. Die Drakensberger veilings is in September op hulle meeste, met nie minder nie as 4(vier) wat in n bestek van 10 dae plaasvind! Voorwaar moeilik om by al die veilings teenwoordig te wees om keuses en aankope te maak .

BLACK FOX
DRAKENSBERGERS
KLERKSDORP / TOSCA
JOHANN FOURIE 082 772 7716

Die bulle wat in die **Black Fox Stoet** geteel word, is versprei tussen die KLERKSDORP OMGEWING EN DIE AREA TUSSEN Tosca en Bray, daar waar die Bray July jaarliks plaasvind. Die bulle gaan na speen deur' n fase D groeitoets op die plaas, waar daar verkieslik saam met mede telers (Black Hills stoet), bulle se groeidata met mekaar vergelyk word. Die bulle wat op prestasie data nie aan'n minimum standaard van 90 % voldoen nie, slaag nie die groeitoets nie en word uitgeskot. Dan vind daar keuring plaas deur senior keurders van die Drakensberger Beestelersgenootskap, wat die diere op visuele voorkoms korrek vind al dan nie. Bulkalwers moet 'n minimum van 70 % behaal om suksesvol te wees en nie uitgeskot te word nie. Daarna gaan die bulle veld toe waar hulle ekstensief hanteer word op veldweiding totdat hulle ongeveer 18 maande oud is. Die bulle word dan weer gekeur en die bulle wat op hierdie stadium, voor die begin van die winter, alreeds tekens toon van swak aanpassing op ekstensiewe weiding, word uitgeskot. Deur die winter word die bulle op die veld hanteer en gaan hulle natuurlik deur die moeilike stadium van tande wissel in die winter, in Noord Wes 'n uiters moeilike tyd wat weiding aanbetref. Somer volg met weereens 'n keuring van die bulle. Vir die afgelope twee jaar is Mnr Danie Bosman, bekendste kundige wat beesteling aanbetref en hoogs gerespekteer, betrek om betrokke te wees in die seleksie van die diere, manlik sowel as vroulik, in die **Black Fox kudde**. Slegs die selekteerde diere word behou, die doel is tog die teling van superieur diere, en nie andersom nie.

BLACK FOX
DRAKENSBERGERS
KLERKSDORP / TOSCA
JOHANN FOURIE 082 772 7716

Dit is so dat die **Black Fox bul L06 53**, hierdie jaar op die nasionale veling vir die Drakensbergers, die hoogste prys behaal het van R110 000. Die koper was Mnr Henk Delport van die Delram stoet. Baie geluk en baie dankie. Hierdie spesifieke bul se bulkalwers van die 2010 groep, word daar dan twee aanbeveel om as STOETBULLE in die kudde gebruik te word. Voorwaar ‘n prestasie vir die kudde wat vanjaar die negende jaar in die stoetteling beleef. Die blootstelling aan Drakensbergers is egter al vir die afgelope 37 jaar toe daar in 1975 twee bulle en sewe koeie gekoop is van Oom Kerneels Uys, wat in Heilbron geboer het .

Op die klubveiling wat gehou is op Hartbeesfontein het die **Black Fox bul BF 09 104**, die hoogste prys behaal van R31 000 met die koper Mnr JAN SINGLETON.

Die ander hoogste prys ook R31 000, vir die bul **BF 09 52**, is betaal deur Mnr Jaco van der Merwe van die Platkop stoet. Hierdie stoet is in die Noord Kaap, in die Upington omgewing. Ook my opregte dank aan Hannes van Wyk , met die prys van R28 000, wat hy betaal hat vir die bul **BF09 58**. Baie dankie aan hierdie telers EN OOK AAN ELKE ANDER TELER WAT DEUR DIE JAAR EN IN DIE VERLEDE, BLACK FOX diere aangekoop het .

KLERKSDORP / TOSCA
JOHANN FOURIE 082 772 7716

Op die pas afgelope bul en ram veiling op Kuruman, het die **Black Fox bul 08 51** die hoogste prys vir Drakensbergers behaal van R35 000. Baie geluk aan Mnr Jan Schreuder met hierdie aankoop. Die bul het besondere goeie vleis eienskappe en sal vir hom baie kilogamme byvoeg by al die nageslag.

Op hierdie stadium gebruik ek slegs twee bulle (uit ‘n totaal van 10) , wat NIE self geteel is nie. Hierdeur word daar tog ‘n spesifieke TIPE EN VOORKOMS GETEEL – ‘N TIPIESE BLACK FOX DIER .

Daar is nog twee veilings waar bulle beskikbaar sal wees, naamlik die Interras veilings op Vryburg op 13 September en dan ook die veiling op 15 November 2012 , ook in VRYBURG .

Indien u dit onmoontlik vind om die veilings by te woon en belang stel in diere, is daar goeie nuus! Daar is uitstaande bulle beskikbaar wat in die Noord Wes 100% aangepas is EN WAT 30 TOT 36 MAANDE OUD IS - GEREED VIR DIE KOEIE. Daar word aan die begin van die somer, tydens die keuring ‘n rang orde vir die bulle bepaal en word hulle, op albei plase, in die Klerksdorp en in die Tosca kudde, ingedeel vanaf 1 tot 20, afhangende van hoeveel bulle die onderskeie keurings geslaag het .

BLACK FOX
DRAKENSBERGERS
KLERKSDORP / TOSCA
JOHANN FOURIE 082 772 7716

Die gelyke nommers word vanaf die Klerksdorp plaas selekteer na die klubveiling op Hartbeesfontein, die ongelyke nommers bly agter op die plaas vir bemarking tydens die tweede helfte van die jaar. Die diere op die plaas naby Tosca, word selekteer vir drie veilings naamlik die veiling in Kuruman en die twee veilings in Vryburg, op dieselfde prinsiep.
Die bulle wat DUS TANS BESKIKBAAR IS, IS DIE ONGELYKE NOMMERS EN IS VAN DIESELFDE STANDAARD AS DIE BULLE WAT REEDS IN DIE VEILINGRING WAS HIERDIE JAAR .

Indien u by enige veiling teenwoordig was , sal u weet wat om te verwag.

As die diere hier aangepas is, is hulle dan ook aangepas vir enige deel van Suid Afrika. Sou die diere OOSWAARTS moet TRANSLOKEER, IS DIE BESTE TYD DAARVOOR AAN DIE BEGIN VAN DIE SOMER MET REEN WAT REEDS DAAR GEVAL HET.

Weswaartse beweging van hierdie bulle is geensins n probleem nie , en is die Noord Kaap dan geseën met n fantastiese 2012 sover wat reënval aanbetref.
‘n Besonderse voorreg.

Dit is dan ook my onderneming om indien die koper nie oor vervoermiddele beskik om bulle op sy plaas af te lewer nie, behulpsaam te wees met sodanige vervoer van die bulle.

DIE BULLE WAT TANS BESKIKBAAR IS IN DIE BLACK FOX KUDDE , IS VAN HOOGSTAANDE KWALITEIT EN VELDAANGEPAS.

Die beste manier om te evalueer, is om my enige tyd te kontak om na die diere op die plaas te kyk, ek sal u graag ontvang.

Neem dus asseblief die vrymoedigheid om my te kontak by 0827727716, enige tyd, vir ‘n lekker gesels of, indien dit die behoefte is, te reël vir ‘n besoek aan die plaas, waartydens u kan kyk en kan uitvra in sake spesifieke diere .

Black Fox groete

Johann Fourie